

2020-06-02 GR 9 NWB TUISWERK 10 - DIE SINTUIE: DIE BREIN VERVOLG

Goeie more, vandag voltooi ons die werk oor die brein. Die senuweestelsel verbind die brein met die res van die liggaam.

WERK: BI 89, 90 en 92.

BI 89 Die SENUWEESTELSEL bestaan uit NEURONE (Senuweeselle)

Daar is 3 soorte Neurone:

- A. Sensories - Gelei impuls van sintuie na brein en rugmurg
- B. Motories - Gelei impuls van brein en rugmurg na organe
- C. Interneuron - verbind A en B tydens 'n refleks

Refleks: * Die boodskap gaan dus nie eers brein toe nie, maar met die interneuron langs reguit van A na B sodat die reaksie op die prikkel vinniger kan plaasvind en jou van gevaar beskerm.
* Direk daarna gaan die impuls wel na die brein sodat jy beseft wat nou net klaar gebeur het.
Bv. As jy brand en jou hand wegruk.

Sketse: Jy moet die sketse kan uitken.

* Let op die rigting van die pyltjie: Dit stel die rigting waarin die impuls beweeg voor.

LEES: * Die dendriete ontvang die impuls en neem dit na die selliggaam waarin die nukleus of kern voorkom en vandaar beweeg dit weg van die selliggaam met die akson, wat dit na die eindpunte neem. Hier beweeg die impuls oor 'n ruimte ('n sinaps) na die volgende neuron toe.

LET WEL:
LEES: * Daar word baie navorsing gedoen, maar indien jou rugmurg te erg beskadig is, is jy verlam vanaf die besering na onder toe.
* Soms word neurone afgesny maar groei binne 'n tydperk weer aan, bv wanneer jou verstandtande uitgesny is en jy geen gevoel daarna in jou kakebeen of lippe het nie. Binne 4 - 6 weke sal jou gevoel weer terugkeer.
* Erge hoofpyn kan 'n aanduiding wees dat jy dehidreer het. Drink genoeg water om effektiewe breinfunksie te verseker.
* Babas of diere wat in toe motors in die son gelaat word, kan baie vinnig dehidreer en sal sterf of groot breinskade toon.

BI 90 Ken die funksie van die rugmurg.

RESEPTORE: reseptore in die liggaam skakel stimuli uit die omgewing om in 'n elektriese impuls wat gelei kan word.

KEN: Die skema van hoe ons reageer op 'n stimulus vir [5] punte.

BI 92 2.7.9 Die impak van dwelms en alkohol op die brein. Ken!